Curriculum Vitae: Mimie de Vries

Adres van drama-ateljee:

Alicestraat 29, The Reeds, Centurion

Kontakbesonderhede:

082 494 5623/012 661 5735 e-pos: izak@intekom.co.za

Agtergrond:

Ek het die voorreg gehad om onder Aletta Gericke, een van die stigterslede van die ADK, te studeer. Sy was vir my nie bloot 'n afrigter nie, maar 'n lewenslange mentor.

Ek het gematrikuleer aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp en was toe reeds betrokke by drama en kultuur – in Std 9 vertaal ek 'n eenbedryf van Tennessee Williams, speel die hoofrol, rig af en wen die ATKV Skoletoneelkompetisie.

Leerlingraadslid vir Kultuur.

Op universiteit (UP) leef ek my liefde vir Kuns en Kultuur verder uit: organiseer en rig af in my hoedanigheid as VSR- Kultuurkomiteelid en HK-lid vir Kultuur. Omroeper by Radio Tuks.

Gedurende my onderwysdae rig ek af, organiseer en skryf tekste vir revues en opvoerings. Ek rig ook af by my tuisateljee.

Terwyl ek in diens van die SAPD was speel ek in talle toneelstukke in die John Rupert Teater in Graaff-Reinet, tree op by funksies, tree op as aankondiger by Polisieparades en dien in Pretoria op die Hoofbestuur van AKPOL (Afrikaanse Kultuurorganisasie van die SAPD).

Ek werk as vertaler by Edgars Klub-tydskrif.

Ek het opleiding as beoordelaar ontvang en beoordeel redenaarskompetisies, kunstefeeste en drama-eksamens. Ek skryf graag monoloë, verwerk tekste, toesprake en het 'n radiokinderverhaal geskryf wat uitgesaai is. Ek tree op as gaskunstenaar by damesbyeenkomste en geleenthede soos Kersfeesdienste.

Dramakwalifikasies:

- Dramalisensiaat (met lof)
- Kunswedstrydvoorbereiding en -afrigting aangebied deur NB-Uitgewers
- Beoordelingsopleiding – ADK

- National Arts Association Adjudicator's accreditation course for Drama
- Radiokursus – RSG, aangebied deur Renske Jacobs
- National Arts Association Advanced Teacher Training Course

My akademiese kwalifikasies sluit in 'n nagraadse onderwysdiploma en 'n MA-graad (met lof) in Letterkunde.

Ek het o.a. in die volgende produksies gespeel:

Vir die Graaff-Reinet Toneelvereniging:

- *Die wildsboudjie* – Fritz Steyn
- *Die Laboratorium* – David Campton
- *Die besoek van 'n ou dame* – Friedrich Dürrenmatt
- Toneelverwerking: *'n Bekkersdal Marathon* – Herman Charles Bosman
- Toneelverwerking: *Rooikoos Willemse is soek* – Abraham H de Vries
- *Die jammer hart* – WA de Klerk
- *Skyn en syn* – eenpersoonsvertoning

In 2018/2019: Toneelverwerking van sketse deur dr. Con de Villiers - *Terug na Donkiespad* - eenpersoonsvertoning vir die Parys Kunstefees. Ek bied hierdie produksie aan by Lucit Restaurant/teater en gereeld by funksies, bv. damesbyeenkomste.